*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (51/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 24 Desember 2021*

***"Don't try to solve serious matters in the middle of the night" Philip K Dick***

## COVID-19

In my dorp word COVID-toetse hoofsaaklik gedoen deur 'n organisasie wat 'n perseel langs die hoofweg het - maar wanneer die aanvraag na toetse optel, beweeg hulle na 'n deurry by 'n skoolveld net op in die pad van my huis af. Ek kon die afgelope paar weke die toename in infeksies in KZN volg deur die aantal voertuie wat op die veld in die ry staan, te monitor. Min het ek verwag om Maandagoggend in die tou te staan, met die wete dat die toets positief kan wees nadat ek die vorige aand 'n seer keel, koors en gewrigspyn ontwikkel het. Na dubbele inentings en die volg van COVID-voorkomingsmaatreëls so noukeurig as moontlik vir een en driekwart jaar, lees die toetsuitslag "DETECTED". So dus nou isolasie. Vir diegene wat COVID met min of geen slegte gevolge gehad het, sê ek julle was gelukkig, vir diegene wat swaar gekry het, ek weet hoe julle gevoel het (my keel was so seer dat ek gevoel het asof ek skeermeslemmetjies gesluk het, en ek het geen energie gehad nie en geslaap vir drie dae – om my liggaam tyd te gee om die virus te beveg), vir diegene wat in die hospitaal opgeneem is, het ek simpatie, en kan nie begin verstaan hoe angstig julle moes gewees het nie, en aan die wat geliefdes verloor het, ontvang asseblief my innige meegevoel. Dit is nie 'n virus wat ligtelik hanteer moet word nie - ja, ons moet terugkeer na 'n skyn van normaliteit MAAR moet asseblief nie dink dat hierdie virus nie aftakelend is nie; dit kan wees. Kom ons keer terug na normaliteit deur ingeënt te word en aan te gaan met die basiese beginsels - maskers, ontsmetting en sosiale afstand. Ek hoop van harte dat diegene wat hierdie nuusbrief lees 'n COVID-vrye feesseisoen, 'n Geseënde Kersfees en alles waarvoor jy wens, in 2022 sal hê.

